

PASTORALE BRIEF VIR SENDINGSONDAG 2017

Liewe Broers en Susters in Christus,

Ek het jou op die naam geroep, sê die Here aan ons in die eerste Skriflesing vandag uit die profeet Jesaja. Die Here roep ons op die naam, nie net om 'n bietjie te gesels nie, maar om ons te stuur. Onthou die gesang: Wie sal ons stuur en wie sal gaan? Dit kom ook uit Jesaja. Is u gewillig en gereed om te antwoord: Hier is ek, o Heer, stuur my?

Die Evangelie, die Blye Boodskap aan die ganse skepping, het 'n naam, want die Blye Boodskap is eintlik Iemand. Dit is nie maar net 'n goeie idee of 'n uitstekende program nie. Jesus, dit is die naam van die Blye Boodskap. Net soos die Vader Hom gestuur het, stuur Hy ook ons die hele wêreld in om die Blye Boodskap te verkondig. Hy is die boodskap. Hy is die dryfkrag en energie agter die sending.

In sy jaarlikse boodskap vir Sendingsondag moedig die pous ons aan om nie in ons kerke agter toe deure te vertoef nie. Maak oop die deure, sê die pous, en gaan uit, gaan heen. Neem met jou saam die Blye Boodskap wat jy gehoor het, die lewende Persoon van Jesus. Jy het Hom ontvang in die Eucharistie. Hy leef in jou. As jou lewe vol deug en liefdadigheid is, praat Hy veral deur jou.

Omdat Hy die boodskap is, en omdat Hy nie maar net een of ander idee is nie, is Hy onweerstaanbaar. So onweerstaanbaar was hierdie Blye Boodskap in die lewe van St. Franciskus dat hy dit nie net aan mense gepreek het nie, maar ook aan die voëls en diere, wat na hom gesit en luister het.

Om in die wêreld uit te gaan beteken ons kan nie die deure van ons gemeente toemaak vir ander gemeentes en gemeenskappe en net na ons eie behoeftes omsien nie. Om in 'n lewende gemeenskap met die Liggaam van Christus te leef beteken op 'n praktiese vlak om een te wees ook met die Katolieke gemeente hier anderkant, of in die ander dorp waar die "ander" leef. Sonder hierdie soort gemeenskap, tas ons ons Katolieke identiteit aan.

Vandag neem ons weer ouder gewoonte 'n spesiale tweede kollekte op. Soos dit die gewoonte is onder Katolieke, samel ons in verskillende gemeentes in, maar stuur dié kollektes gesamentlik as een bisdom na die pous. Op hul beurt reël die pouslike sendinggenootskappe dat die geld gestuur word na die verskillende wêrelddele waar die grootste behoefte is. Ek sê vir u dankie vir verlede jaar se Sendingsondagkollekte van altesame R20 000 wat ons kon aanstuur.

Onthou, God het die blymoedige gewer lief, wat nie net uit sy oorfloed 'n pennie of 'n pond of 'n goue muntstuk afstaan nie, maar sy of haar hele wese gee vir die verkondiging van die Blye Boodskap. So het ons Moeder Maria haar hele liggaam en lewe gegee om die Moeder van die Blye Boodskap, die Moeder van Jesus te word. Is dit nie maar net om aan God te gee wat Syne is nie? Maria, Moeder van die Evangelisasie, bid vir ons!

Gaan dan heen - u het 'n onweerstaanbare boodskap om te verkondig.

✠ **Francisco de Gouveia**
Biskop van Oudtshoorn